

Peter Venter
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens
2017-08-20
1 Kronieke 13
Fokusverse: 10

1 Kronieke 13
Fokus – Vers 10

God roep en rus ons toe – Gebruik jou gawes tot eer van Hom

Inleiding

- *Die Here sal verstaan*
 - So eenvoudige en maklike stelling wat ons dikwels gebruik om ons eie daadwerklike ongehoorsaamheid te regverdig.
 - Ons sê dit om ons eie gewetes te sus wanneer ons weet waarmee ons besig is, is verkeerd.
- Maar sal die Here verstaan?
 - Sal Hy bloot ons oorsien vir ons daadwerklike ongehoorsaamheid wanneer ons Sy heiligheid minag deur te doen wat verkeerd is?
 - Die antwoord is nee – Die Here sal straf.
 - By Ussa sien ons duidelik dat die Here straf.
 - Dit is egter nie net omdat Ussa aan die ark gevat het nie, die hele opbou tot hierdie verhaal dra by tot die toorn van die Here.
- God het Ussa geroep as priester en aan hom die gawes gegee om die Here te dien.
 - Tog wil Ussa optree soos wat mense goeddink en nie volgens die wil van die Here nie.
 - Daarom tref die oordeel van die Here vir Ussa wanneer hy, hoewel hy dit goed bedoel, aan die ark van die verbond – die teken van God se teenwoordigheid raak.
- Daarom leer ons ook vanoggend dat die Here ons roep en toerus met gawes.
 - Gebruik hierdie gawes tot eer van die Here.
 - Deur die verloop van die verhaal van Ussa staan drie belangrike sake uit.
 - God roep en rus ons toe met gawes
 - God eis dat gawes tot Sy eer aangewend moet word
 - Dien die Here deur jou gawes op die wyse wat Hy vra.

God roep ons en rus ons toe met gawes

- In 1 Kron. 6 lees ons van die geslagsregister van Merari.
 - Ussa is 'n afstammeling van Merarie uit die stam van Levi.
 - Hierin sien ons dadelik dat omdat Ussa 'n Leviet is, hy geroep word om diens te doen as priester.
 - Omdat hy 'n afstammeling van Merari is, is hy ook in die Merarigroep.
 - Die hoofdoel van diè groep priesters was die versorging van die rame, dwarslatte, style en voetstukke van die tabernakel, en ook van al sy gereedskap, met alles wat die diens insluit.
 - Ussa is dus geroep tot 'n bepaalde doel.
 - Ons weet egter dat God nie roep sonder om te voorsien in die gawes nie.
 - Daarom glo ons ook dat Ussa die gawe gehad het om hierdie dienswerk te verrig.
 - 'n Ander groep van die priesters was verantwoordelik vir die voorhangsel wat die ark uit die oog van die volk gehou het omdat dit die simbool was van God se teenwoordigheid.
 - Ons lees ook van die nageslag van Aaron wat verantwoordelik was vir die diens in die tabernakel.
 - Dit het ingesluit die diens in die tabernakel.
 - So sien ons ook dat verskillende gawes en roeping gee aan verskillende mense.
 - In Num. 3:38 nadat ons gelees het wat die pligte van die onderskeie priesters was, lees ons dat *“'n Onbevoegde persoon wat nader gekom het om te help, moes doodgemaak word.”*
- Ussa het dus geweet wat sy taak is.
 - Sy voorgeslagte was self ook deel van hierdie taak en roeping.
- So sien ons dan wat die taak en die roeping van die priesters was, in spesifiek die taak en roeping van Ussa.
- So ook sien ons die rol van die verbondsark – die teken van God se teenwoordigheid.
 - Hou dit alles in jou agterkop wanneer ons kyk na die ooploop van omstandighede in 1 Kronieke 13.
- 1 Samuel 4 lees ons dat die Israeliete gaan oorlog maak het teen die fillistyne.
 - Die israeliete het verloor, en toe besluit om die verbondsark saam te vat sodat God by hulle sal wees.

- Hulle het 'n slagting beleef en die ark is gevat deur die fillistyne as buit.
 - So het die volk dan die verbondsark verloor.
 - In 1 Kron. 13 lees ons dat Dawid, nadat hy met al die priesters vergader het, besluit om die ark weer te gaan haal.
 - Die ark moet terugkom na Jerusalem toe.
- Dit bring ons terug na Ussa toe.
 - Sy werk was om die dwarsbalke te gebruik sodat die ark op die regte wyse vervoer kan word.
 - Tog is dit nie wat Ussa doen nie.
 - Die Kehatgroep moes die verbondsark met die gordyn bedek.
 - Tog is dit nie wat gedoen is nie.
 - Itamar was die opsigter oor die Merarigroep – hy moes toesig hou.
 - Tog is hy blind vir die werke van die ander priesters
 - Dawid was die koning gewees.
 - Hy moes die volk lei en God raadpleeg.
 - Tog raadpleeg hy die priesters en die volk wanneer hulle besluit om die ark terug te bring.
- Geliefdes kyk na die ongehoorsaamheid.
 - Soveel voorbeelde waar al hierdie persone direk teen die opdrag van God optree.
 - Daar is duidelike voorskrifte hoe die ark hanteer moet word.
 - God roep die priesters en gee aan elkeen die gawes om hulle dienswerk te doen.
 - In hulle oë is alles wat hulle doen reg.
 - Die ark word op 'n wa gelaai sonder enige bedekking.
 - Die fokus is op die vervoer en die gemak van die priesters, nie die eise van God nie.
 - Hulle dien God op die wyse wat hulle goeddink, en nie op die wyse wat God voorskryf nie.
 - Hulle trek weg oppad na Jerusalem toe met die verbondsark.
 - Dan struikel die osse en Ussa steek sy hand uit en raak aan die verbondsark.
 - En God se toorn ontvlam teenoor Ussa en hy sterf.
 - Hy bedoel goed.
 - Hy probeer die ark red.
 - Ussa dien as voorbeeld vir die volk:
 - God sal die ongehoorsaamheid straf van die wat sy heiligeheid wil ontheilig

- Ussa se poging tot 'n "goeie werk" faal en hy boet met sy lewe.
- Broers en susters so sien ons dat God roep en ook di egawes gee.
 - Maar Hy eis dat hierdie gawes tot Sy eer aangewend moet word.

God eis dat ons gawes tot Sy eer aangewend moet word

- Geliefdes die Here gee nie maar sommer net gawes nie.
 - Hy gee dit met 'n bepaalde doel.
 - Hy geed it vir ons om aan te wend tot Sy eer.
 - Dien die Here met jou gawes.
 - Doen jou goeie werke met die gawes wat die Here vir jou gegee het.
 - Doen dit alles tot eer van die Here.
- Geliefdes tog moet ons ook ons optrede beoordeel.
 - Ja die Here gee die gawes, maar wend ons dit reg aan?
- Sondag 33 van die HK leer vir ons wat goeie werke is.
 - *Wat is goeie werke?*
 - *Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God, tot Sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.*
 - Kom ons gebruik hierdie riglyne en beoordeel Ussa se werke.
 - Is dit uit ware geloof?
 - Op die oog af, ja.
 - Is dit volgens die wet van God?
 - Nee
 - Is dit tot die eer van God?
 - Nee
 - Is dit eie goeddunke?
 - Ja
 - Is dit oorgelewerde gebruike?
 - Ja
- Geliefdes so kan ons so duidelik sien dat dit nie tot eer van die Here is nie.
 - Ussa in sy optrede doen afbreek aan die eer van die Here.
 - Hy en die res van die volk minag die verbondsark.
 - Hulle is ongehoorsaam teen die wet van die Here.
- Ons hoef nie meer vandag die vebondsark te vervoer en 'n tent op te slaan om saam die Here te aanbid nie.
 - Die voorhangsel het opgeskeur met Christus se kruisdood.

- Daarom hoef ons nie meer te vrees om in God se teenwoordigheid te wees nie.
- Ons kan met vrymoedigheid tot die Here bid.
 - Christus was 'n volmaakte middelaar en daarom het ons ook deel aan Sy priesterskap.
- Dit beteken egter nie dat ons moet ophou om ons gawes te gebruik wanneer die Here ons roep nie.
- Daarom moet ons ook optree wanneer God ons roep op die wyse wat tot sy eer is en nie ons eie eer nie.

Dien die Here met jou gawes op die wyse wat Hy vra

- Ons het die voorreg om volgende week saam as gemeente nagmaal te gebruik.
 - Dit is 'n gawe van die Here af wat ons ook tot Sy eer moet gebruik.
 - Daarom het elkeen van ons ook 'n bepaalde roeping in hierdie verband.
 - Belydende lidmate – doen die ware selfondersoek.
 - Gebruik ek nagmaal om die regte rede of op die regte wyse?
 - Dooplidmate – hoewel julle nie self van die brood eet of die wyn drink nie, het Jesus se kruisdood ok vir jou waarde.
 - Jou sondes is vergewe daarom het jy deel aan die nagmaal.
 - Ouderlinge – julle moet toesig hou dat die sakrament van die nagmaal op die regte wyse bedien word.
 - As predikant moet ek ook die woord suiwer verkondig wat saam met die sakrament gaan.
 - So het elkeen van ons 'n roeping in hierdie opsig.
 - Daarom kan ons ook die nagmaal beoordeel aan die hand van sondag 33.
 - Is dit uit ware geloof?
 - Glo ek werklik dat die brood en die wyn die teken is van die volkome versoening va al my sondes?
 - Is dit volgens die wet van God?
 - Gehoorsaam ek die wyse waarop God eis ek die nagmaal moet gebruik?
 - Is dit tot die eer van God?
 - Dien ek die Here wanneer ek nagmaal gebruik?
 - OF?
 - Is dit eie goeddunke?
 - Doen ek dit om raakgesien te word?
 - Is dit oorgelewerde gebruike?
 - Is dit vir my maar blote tradisie?

- Ons staan hierdie kwartaal stil by ons identiteit as diensknegte in Christus.
 - Ons het die laaste paar sondae geleer wat behels my werke, my roeping en my gawes.
 - Ons het vandag weer gehoor dat ons die Here moet dien met ons gawes.
 - Ons gawes verskil van mekaar.
 - Tog is al hierdie gawes nodig in die liggaam van Christus
 - Ons het 'n wonderlike geleentheid om later in die kwartaal 'n kursus aan te bied oor die ontdekking van jou gawes en jou roeping.
 - Ons kan saamwees as gemeente by so 'n geleentheid om te leer hoe kan ek my gawes ontdek, maar selfs nog meer as dit hoe kan ek dit gebruik nie tot eer van myself nie, maar die eer van die Here!
- Kom wees deel.
 - Kom deel jou gawes.
 - Kom dien die Here met jou gawes.
- Die Here roep jou.
 - Hy roep jou om op te staan en te werk met jou gawes.
 - Hy roep jou op om diensbaar te wees met die gawes wat Hy in oorvloed aan elkeen gegee het.
 - Nie tot jou eie eer nie.
 - Nie tot eer van mense of omdat dit tradisie is nie.
- Maar tot eer van die Here